Kortverslag VGKSA Klassis Suid
15 September 2006 in die VGK Bethal

Konstituering van die Klassis en verkiesing van die moderamen

As voorsitter is benoem volgens die reëling: ds. P. Nel en die deputaat skriba is benoem as die skriba. Deur verkiesing word aangewys as onder-voorsitter ds. E. Viljoen.

Toelating gaste tot die nagmaal, terugvoer VGK Kaapstad (September 2005, punt 5.3)

In die verlede is gaste in die dienste ontvang wat lidmate was van kerke in die buiteland waarmee ons nie korrespondensie voer nie. Hulle was vir enkele weke tot enkele maande in die kerkdienste, maar het nie lid geword nie. Tog het hulle met die gemeente aktief meegeleef en die wens uitgespreek die Nagmaal saam met die gemeente te vier. Kaapstad wys op die besluit wat ons susterkerke in Nederland geneem het in hierdie verband.

Johannesburg vra hoekom ons 'n reëling moet skep. Die praktyk sal uitwys dat elke saak anders sal wees. Ook sal ingevolge artikel 60 KO die kerkraad 'n ondersoek moet instel voordat so 'n besoeker gaslidmaat kan word. Hierdie ondersoek sal dadelik aan die hand van die formulier van openbare geloofsbelydenis gedoen word. As die kerkraad hierdie prosedure aanhou kan die besoeker gaslidmaat word en dan ook aan die Nagmaal deelneem. Dan hoef die kerkverband nie verdere reelings vas te stel nie.
Kaapstad wys op die amptelike versoek van die klassis aan Kaapstad om voorstelle te maak vir 'n raamwerk vir hierdie saak. Kaapstad het in die verlede 'n besluit geneem in die gevalle en die besluit ter kennisname gebring by klassis A, met die vraag of die rigting van genoemde besluit die regte een was. Hulle is daarvan bewus die besluit van ons susterkerke is vaag en ook dat daar verskillende tipe gaste is.
Hulle sien twee opsies:

1. Benoem 'n deputaatskap vir verdere studie
2. Laat dit oor aan die plaaslike kerk en laat die kerk van besluite in die saak verantwoording doen op die klassis onder artikel 41 KO.

Bethal stem saam met Johannesburg en wil by die KO bly staan. Hulle stel voor opsie 2 te aanvaar.
Die vergadering aanvaar opsie 2.

Waggeld reëling, terugvoer VGK Johannesburg (September 2005, punt 7.2)

Die klassis neem kennis van die voorstel van Johannesburg. Johannesburg verduidelik wat onder ampstoelaes word verstaan, nml. die kostes wat 'n predikant aangaan vir die uitoefening van sy amp, soos telefoon, onthaal, boeke en motor toelaes.
Die klassis aanvaar die volgende as riglyn:

3. Ampstoelaes verval
4. Die traktement met die mediese voordele bly dieselfde
5. Die gebruik van 'n pastorie verval en word vervang deur 'n behuisingstoelaag
6. As die predikant ander verdienste het in die waggeld periode word dit van die waggeld afgetrek
7. Die waggeld en beroepbaarheid geld vir een jaar
8. Na die jaar kan die klassis vanweë uitsonderlike omstandighede en na deeglike oorweging daarvan besluit tot verlenging vir maksimaal 'n jaar.

Begronding:

1. Die finansiële draagkrag van die kerkverband is klein
2. Die noodsaak van werk na die ander staat van lewe word meer beklemtoon

Die klassis besluit hierdie riglyne vir klassis Noord te stuur ter kennisname en met aanbeveling.

2) **Samewerking t.o.v. die sending op die Kaap** (September 2005, punt 7.6 en Maart 2006, punt 7.5)

Kaapstad het hierdie saak nie skriftelik voorberei nie. Hulle gee 'n mondelinge toeligting.
'n Sendingsberaad is gehou vroeër in September 2006. Kaapstad soek vir moontlikhede om by die jaarlikse visitasie ook die sendingsgemeentes te betrek. So 'n tipe visitasie sal langer duur, aangesien meerdere partye gehoor sal word, soos die sendingskommissie en die ouderlinge van die sendingsgemeentes. Die totale duur van so 'n visitasie sal ongeveer drie dae duur.
Die klassis besluit om met die visitasie in Kaapstad ook die sendingsgemeentes te betrek.

3) **Aanneming en doop, terugvoer VGK Kaapstad** (September 2005, punt 7.7)

Die klassis neem kennis van die voorstel met waardering vir die werk wat Kaapstad gedoen het.

2. Korrespondensie

- Benoemingsbriewe vir deputate en konsulente het uitgegaan
- Brief van VGK Pretoria i.s. benoeming ds. C. Kleijn as konsulent
- Brief van ds. H.H. van Alten i.s. konsulent Johannesburg
- Brief van GPK Brakpan i.s. bywoning klassis vergadering
  Die gemeente vra verskoning vir die nie-bywoning van die vergadering. Hy wens die vergadering God se seën vir die verrigtinge toe. Die vergadering neem met spyt kennis van die nie-bywoning nie.
- Epos van die kerkverbandelike administrateur i.s. datum ad hoc sinode
  Die datum vir die ad hoc sinode is deur die roepende kerk van Kaapstad voorlopig vasgestel vir Saterdag 11 November 2006 in Kaapstad.

3. Voorstelle en instruksies

- Voorstel van VGK Kaapstad i.s. kostelose beskikbaarstelling van die Sinode Handelinge

  Kaapstad trek die oorspronklike voorstel in, want dit het geblyk die koste van die handelinge is hoog. Kaapstad formuleer 'n nuwe voorstel.
  Kaapstad stel voor:
  1) Die volledige handelinge met bylaes word in 'n beperkte oplae gedruk vir verspreiding by die kerkrade, ampsdraers en toekomstige ampsdraers;
  2) Die volledige handelinge met bylaes word elektronies beskikbaar gestel op CD aan 'n ieder wat belangstel;
  3) 'n Verkorte weergawe van die handelinge (van die tipe Acta Actueel soos ons susterkerke in Nederland dit gebruik) word gedruk en versprei aan al die lidmate.

  Begronding:
  Dis belangrik dat die lidmate kennis neem van die besluite wat die Sinode neem.

  Gevra word wie die keuse moet maak wat opgeneem moet word in die verkorte weergawe. Moet dit die kerkverbandelike administrateur wees of die moderamen? Of moet ons dadelik 'n deputaatskap publikasies aanstel?
  Die klassis aanvaar die voorstel en stuur dit aan vir die Sinode.

4. Preekbespreking (Notule Aug. 2005, punt 7.4)

VGK Bethal het 'n preek inhandig vir bespreking. Ds. Viljoen vra na die vorm en doel van die bespreking. Br. Snijder stel ons kan net opmerkings maak omdat die kerkraad die eersverantwoordelike is aangaande die toesig van die predikant.
Enkele opmerkings word gemaak of die Psalm werkelik 'n "onskuld" psalm is en ook of die plaas van die Psalm in die geheel van die Psalm boek in ag geneem is.

5. Beswaarskrifte

Geen beswaarskrifte is ingedien nie.

6. Versoeke vir dag vir verootmoediging

- Voorstel van VGK Kaapstad vir dag van verootmoediging op 24 September 2006
  Kaapstad vra verskoning vir die formele pad wat Kaapstad geloop het. Die kerkraad moes die voorstel eers bespreek het met die ander klassis kerke voordat die saak na die kerke gestuur kon word.
  Kaapstad meld dat Johannesburg inhoudelik vrae het by die begronding van die voorstel. Die fokus van die voorstel lyk te wees op die verkry van materiele verbetering, waar ons fokus moes wees die sig op wat God se plan is vir die wêreld. Die antitese is nie duidelik gestel nie tussen wêreld en kerk. Hoe moet ons staan in die land? Fokus ons nie op ons probleme in pleks van God.
  Kaapstad het die biddag wat in Julie gehou is deur die organisasies Transformasie Afrika en die Konvent van Gereformeerde Kerke as aanleiding vir die voorstel gebruik.
  Br. Snijder stel dat ons beproef word. Laat ons standvastig bly en alleen op ons God bly vertrou.
  Die klassis besluit dat Kaapstad dit verder sal hanteer en die kerke sal inlig oor die opmerkings gemaak op die vergadering asook die prosedure wat Kaapstad gevolg het.
  Kaapstad belowe in die toekoms die juiste prosedure te handhaaf.

7. Verslae van benoemde deputate

- **Kategese materiaal** (September 2005, punt 5.2)

  Uit die verslag blyk die situasie is nie rooskleurig nie. Al die kerke het eie materiaal en dit wil voorkom hulle het nie werkelik kriteria gehanteer by die keuse van die materiaal nie. Die deputate het verder nie 'n visie kon skryf nie, omdat die klassis hulle nie 'n sodanige opdrag gegee het nie.
  Gevra word wat die doel van uniformering is. Gaan so nie die individuele wyse van werk van die predikant verdwyn nie?. Aangevoer word die verhuising van lidmate sodat katkisante moet kan aansluit by die katkisasie van die nuwe kerk. Deputate gee aan hulle wil nie 'n rigiede uniformering invoer nie.
  Aanbeveel word ook die materiaal van ons susterkerke in Australië en Kanada in ag te neem.

  Die klassis besluit:
  1) Nuwe deputate word benoem met die opdrag om die bestaande verslag aan al die kerke in die kerkverband beskikbaar te maak.
  2) Gesien die groot verskeidenheid materiaal in gebruik, beveel klassis aan dat daar gepoog word om 'n groter afstemming op mekaar as kerke te bewerk wat die gebruikte kategesemateriaal betref. Kerkrade behoort groter en duideliker toesig te hou oor moontlike samewerking van al die kerke op hierdie terrein.
  3) Deputate nader alle kerkrade om verdere oorreding te doen t.o.v. die noodsaak van didakties en teologies goed deurdagte en ontwikkelde kategesemateriaal. Konkrete weë vir samewerking moet hiermee saam ondersoek word en daaroor aanbevelings gedoen word aan die volgende klassisvergadering.
  4) Deputate formuleer 'n eie visie op 'n teologies-en didakties verantwoordbare kategesemetode waarmee die kerke eie materiaal kan evalueer.

5) Deputate doen ondersoek na die beskikbaarheid van ander geskikte kategesemateriaal, soos die “Follow up!” kategesemetode.

- **Visitasie**

  Hierdie verslae word *in-camera* bespreek.

  Visitasie VGK Bethal 14 September 2006
  Br. Snijder lees die verslag. Die verslag word aanvaar en sal vir die betrokke kerk gestuur word. Die verslag word oorhandig aan die skriba vir plasing in die argief.
  Geen opmerkings word gemaak deur die vergadering.

  Visitasie VGK Johannesburg 13 September 2006
  Ds. Viljoen lees die verslag. Die verslag word aanvaar en sal vir die betrokke kerk gestuur word. Die verslag word oorhandig aan die skriba vir plasing in die argief.
  Geen opmerkings word gemaak deur die vergadering.

  Visitasie VGK Kaapstad
  Vanweë die uitgebreide visitasie aan Kaapstad asook die sendingsgemeentes besluit die klassis die visitasie te hou in Maart 2007 voorafgaande aan die reguliere klassis, wat in Kaapstad gehou sal word.

- **Kontrole van die argief**

  Die klassis neem kennis van die aanbevelings en aanvaar hulle. Die skriba word gevra van die dokumentasie wat nie oorspronklik is nie of nie geteken is nie ’n register saam te stel en dit vir die kerke aan te stuur met die versoek die oorspronklike dokumentasie op te spoor en vir die skriba te gee.

- **Kerk wat dag van verootmoediging uitroep**

  Sien onder punt 13.

- **Kerk voor kontak met Brakpan**

  Bethal het geen aanbevelings gemaak nie, net konklusies. Ds. Hefer het die verslag ontvang en het reeds met ds. Nel hieroor gesels. Hy vra van die VGK om te verantwoord waarom ons verskil van die APK. Bethal het reeds ’n nota hieroor opgestel en sal dit beskikbaar stel vir die klassis asook vir Brakpan. Verder word voorgestel die verslag kategese materiaal ook vir ds. Hefer beskikbaar te stel.
  Die klassis besluit Bethal te vra voort te gaan met die kontakte.

- **Klassis reglement en visitasie reëls**

  Kaapstad spreek met waardering oor die werk wat gedoen is. Hulle versoek die kerke geleentheid te gee vir kommentaar aangesien die tyd vir bestudering van die verslag kort was. Die klassis besluit te voldoen aan die versoek en vra die kerke hulle kommentaar aan te stuur vir deputate voor 15 Desember 2006.

- **Deputaat skriba**

  Die klassis neem kennis van die verslag.

8. Benoeminge

1) Kategese Materiaal
Ds. C.F. Nicholson (sameroeper) en ds. E. Viljoen

2) Visitatore volgens artikel 44 KO
Ds. P. Nel, ds. E. Viljoen en oudl. H. Snijder (sameroeper) van Johannesburg

3) Argiefbewarende kerk
Johannesburg

4) Kontrole van die argief
Br. D.A. Byker en sr. M.A. Bijker (sameroeper), beide van Johannesburg.

5) Kerk wat dag van verootmoediging voorstel
Kaapstad

6) Kerk voor kontak met Brakpan
Bethal

7) Deputaat Skriba
Br. A.W. Herder, Johannesburg

8) Deputate reglement en visitasie reëls
Br. A.W. Herder (sameroeper) en oudl. H. Snijder, beide van Johannesburg

9) Afgevaardigdes vir Ad-hoc Sinode 11 November 2006
Die besluit soos gestel in die Sinode Handelinge 1992, art. 6, word bespreek. Die vergadering bevind dat hierdie besluit net 'n werkwyse was vir die sinode vergadering alleen. Die volgende afgevaardigdes word benoem:

Primus	Sekundus
Ds. P. Nel	ds. C. Nicholson
Ds. E. Viljoen	
Ds. J.A. Breytenbach	
Oudl. M. Kruger	oudl. J. Smuts
Oudl. G.A. Anholts	oudl. H. Snijder
Oudl. F. Raimond	oudl. B. Van Dalen

Die skriba sal die afgevaardigdes die verslag van die deputate Teologiese opleiding aanstuur wanneer die beskikbaar kom, asook die ou verslae van die deputate en die besluite van die sinode 2005/2006 insake die teologiese opleiding.

9. Rondvraag n.a.v. artikel 41 KO

Bethal het bekommernisse by die moontlikheid van die gesange in ons kerkverband. Ook het hulle bekommernisse oor die rigting van die Teologiese opleiding wat die deputate voorstaan.
Die sendingsgemeente van Belhar is op pad van selfstandigwording.

10. Persoonlike rondvraag

Ds. R.M. Retief het vroeër die week 'n seun van die Here ontvang. Ook het hy 'n beroep van die Free Reformed Church van Kelmscott, Australië gekry. Die klassis besluit hom deur 'n brief die gelukwense oor te dra vir hierdie gebeurtenisse.
Oudl. Avontuur bedank die vergadering vir die ontvangs as waarnemer.

11. Aanwys van sameroepende kerk en vasstelling van tyd en plek van die volgende Klassis

Kaapstad op Saterdag 17 Maart 2007.

12. Vasstelling van die notule en Kort Verslag

Die kortverslag word gedoen deur die ondervoorsitter binne twee weke. Die notule word versorg deur die skriba en goedgekeur deur die moderamen binne ’n maand.

13. Sensuur volgens artikel 48 KO

Hier word geen gebruik van gemaak nie.

14. Sluiting

Die ondervoorsitter sluit af met dankgebed.

Ds. P. Nel	br. A.W. Herder
(Voorsitter)	(Skriba)